



Om Daaglik jou Kruis te Dra

Is dit aantreklik om Jesus te volg? In sekere tekste dui ons hoogste Profeet en Leraar aan dat jy jou kruis moet dra as jy Hom wil volg. In Matteus 16:24 sê die Heiland vir sy dissipels: *As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg.* In Lukas 9:23 voeg Jesus die woorde *elke dag* daarby. Ons moet, as ons Hom wil volg, daaglik ons kruis opneem. In ander tekste sê Jesus dat ons Hom nie waardig is as ons vader of moeder bo Hom liefhet, of as ons broer of suster bo Hom liefhet nie. En ook: *Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie* (sien Matteus 10:37,38). Om 'n dissipel van Jesus te wees beteken: om Hom te volg, en dit beteken om jouself te verloën en jou kruis op te neem, elke dag. Dit is dus 'n verpligting wat jou opgelê word, om jou kruis te dra.

Jesus praat oor ons kruis. Hy sê nerens dat ons sy kruis moet opneem en dra nie. Daar is 'n groot verskil tussen Jesus se kruis en die kruis wat ons moet opneem en agter Hom aan moet dra. Die kruis van Jesus staan vir die offer wat Hy uit liefde gebring het vir die wat aan Hom behoort om hulle sonde te versoen en hulle skuld weg te neem. Jesus het in die plek van hulle wat aan Hom behoort die straf gedra en dus ook weggedra. Dit is sy kruis, nie ons s'n nie.

Jesus nooi almal uit om agter Hom aan te kom. Dit beteken dat daar 'n keuse is. Om agter Hom aan te kom beteken 'n innerlike geloofsaanvaarding om altyd jou pad met Jesus te loop. Dit is onmoontlik om ons taak as christene in die wêreld te vervul as ons nie met 'n lewende geloof aan Jesus verbind is nie. Om agter Jesus aan te kom dui op 'n geloofsoorgawe aan Hom. Hy die Eerste en die Laaste is in ons lewe. Sy saak gaan bo ons saak. In Matteus 16 weier Petrus om die lyding van Christus te aanvaar. Hy wil keer dat Jesus sy kruis dra. Petrus stel sy saak bo die van Jesus. Dan word hy tereggewys. *Agter My! Nie voor My nie! Ek wys die pad aan*, sê Jesus. As jy my dissipel wil wees, moet jy agter my aangaan. Jesus gaan voor en die dissipels moet maar net volg.

Ons kan dus nie doen net wat ons wil nie. Ons eie wil word ondergeskik aan Christus s'n gemaak. Ons moet 'n stryd voer teen ons eie wil en die ou mens, wat steeds nee sê vir Christus en sy koninkryk. Hulle wat leer om Christus te volg, word weggeneem uit die sisteem wat die wêreld beheers. Die gees van die tyd geld nie vir hulle wat Jesus wil volg nie. As jy ja sê om Jesus te volg, moet jy nee sê vir alles wat jou daarin belemmer. Om jou kruis op te neem beteken dat ons inhoud gee aan hierdie ja vir Jesus en sy pad met ons, en dat ons dit elke dag in praktyk bring. Dit is moeilik. Ons het ons eie teëstand en dikwels die van ander mense en omstandighede.

Die kruis wat ons moet dra staan direk in verband met allerhande soorte lyding wat in hierdie lewe en in hierdie wêreld op ons afkom as ons Jesus wil volg. As daar lyding ter wille van Jesus op ons afkom, mag ons dit nie ontwyk nie. Dan moet ons die kruis op ons neem. Baie christene ervaar dit konkreet. Hulle word vervolgd, hulle word gehaat, hulle word gelaster, hulle word gepla, hulle word aan onreg onderwerp.

Baie het hulle lewe gegee om Jesus tot die einde toe te volg. Jesus het hulle voorgedaan in 'n marteldood. Deur hulle sterwe is Hy verheerlik. In die samelewing ervaar ons lyding in allerhande klein dingetjies. Jy ervaar lyding as jy sien hoe die verwêreldliking al tot alles deurgedring het. Hoe die liefde van baie besig is om te verkoel. Hoe mense hulleself en hul eie belange voorop stel en die rykes en sterkes in die beste posisie is.

Dis 'n vorm van lyding as mens sien hoe mense hulself regverdig en hulself as norm stel. Daar bly dan min ruimte vir gesamentlike norms en waardes oor. Laat staan nog dat mense hulle sal laat voorsê deur die heilsame gebod en verbod van God.

Dit is van ongelooflike groot belang om die jeug in te lig oor die heil van God se gebod en verbod in hulle lewe. Maar kan ons dit nog regkry om die goeie van God se wet aan hulle oor te dra as ons self besig is om op sekere terreine eiegeregig te word? Lê die probleem nie by ons, dat ons die geloofsgemeenskap met Christus, die innige verbondenheid met Jesus en sy kruis, nie meer ken nie of nie meer kragtig ken nie? Ons word beheers deur die loop van gebeure in ons lewe.

Mag Jesus ons lewe geheel en al bepaal? Vir baie is dit 'n snaakse vraag. Jy mag eintlik nie so 'n vraag stel nie. Want ons is mos ook daar. Ons het ons eie wil en begeertes en ons dra ons eie verantwoordelikheid. Soek ons werklik opreg om ons wil en begeertes, in die besef van eie verantwoordelikheid, te laat bepaal deur Jesus Christus? Bid ons vir ware vervulling met die Heilige Gees? Daar is in die verband sulke ryk beloftes in God se Woord. Is dit nog 'n pleitgrond vir ons?

Ons hoef nie lyding uit te lok nie. Die kruis is nie die aanduiding van 'n werk wat ons self moet doen nie. Die kruis word vir ons opgelê. So het die lyding ook oor die apostels gekom. Sien bv. 2 Korintiërs 1:5-7. Die lyding van Christus is oorvloedig deur Paulus ervaar, maar deur Christus was oorvloedige vertroosting ook sy deel. Wie Jesus wil volg, moet bereid wees om ook die lyding te aanvaar. Maar in die lyding is ons nie sonder Hom nie. Ons kruis word verlig deur sy kruis. Sy kruis gee sterkte en troos vir die dra van ons kruis. Nie almal ervaar dieselfde dinge nie. Die lewe van een dissipel verloop anders as die van die ander. Sommige christene gaan deur diep waters. Daar bly waaroms. Maar dis belangrik om gelowig te ontdek dat daar op ons vraagtekens 'n watermerk gedruk is van die kruis van Christus.

Agter Jesus aan en in geloofsverbintenis met Hom, begin ons lewe vrugte dra. Ons lewe nie vir onself nie, ons sterf ook nie vir onself nie. Of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. Hy het die wat aan Hom behoort, gekoop met sy bloed en hulle van die heerskappy van die duiwel verlos. Hy maak ons vry. Vry om te dien, innerlik vry om vrug te dra. Die liefde is die krag daaragter.

Daar lê 'n ryke seën daarin om daagliks vir Jesus te volg en ons kruis op te neem en te dra. Hierdie seën word nie losstaande verkry nie. Dit bly verbind aan die dra van ons kruis.

J. Jonkman

© 2019
www.christelikemedia.org

Hierdie artikel is deur Alet du Plessis vertaal.